VLEESBAAI DIENSTE NPC

VLEESBAAI NEWSLETTER **/ VLEESBAAI NUUSBRIEF**

September 2017**/ September 2017**

Dear Vleesbaai Owner,

Welcome to the September 2017 edition of the newsletter by the people of Vleesbaai for the people of Vleesbaai. Enjoy the latest news about our special village.

Geagte Vleesbaai Eienaar,

Welkom by die September 2017 uitgawe van die nuusbrief deur Vleesbaaiers aan Vleesbaaiers. Geniet die jongste nuus oor gebeure in ons besondere dorp.

DECEMBER HOLIDAY SEASON / DESEMBER VAKANSIESEISOEN

The December holiday season is once again upon us, and as usual we are expecting another bumper festive season. Welcome to all the owners who are planning to spend your holiday with families and friends at Vleesbaai. The staff of Vleesbaai Dienste are already hard at work to ensure that our village and its facilities are at its best for an enjoyable holiday.

Natuurlik lê daar nog eksamensessies voor vir ons skoliere en studente voordat die vakansie aanbreek. Beste wense aan almal van julle. Studeer hard om te slaag sodat julle die vakansie in Vleesbaai nog meer kan geniet.

Daar is vele aktiwiteite wat in Vleesbaai en omgewing gedoen en geniet kan word.

- **Swem en branderplankry** in al sy vorme in die see is natuurlik dié aktiwiteit wat die grootste aftrek kry. Geniet dit, maar wees altyd bewus van gevaarlike trekstrome *(rip currents)* wat van tyd tot tyd kan voorkom. Gelukkig sal daar weer twee spanne lewensredders by middelstrand en noordstrand wees om toesig te hou en diegene in nood te help. Gee asb. te alle tye gehoor aan die instruksies van die lewensredders sodat tragedies vermy kan word.

- *Visit the **tidal pool**. Families with younger children will especially enjoy this safe swimming pool with its beautiful lawn. Trees have been planted but these are still young. So take umbrellas with and spend a relaxing picnic day at the tidal pool. The trail to the pool has been changed so as to avoid the section across the rocks, making the tidal pool much more accessible for elderly people.*

- Die **Driehoek kloof** het sedert ‘n jaar gelede in ‘n pragtige natuurtuin ontwikkel. Indringer-plante is verwyder en dosyne inheemse bome en struike is aangeplant. Vanweë die besondere mikroklimaat van die kloof en die voorsiening van water vir besproeiing het die nuwe plante goed gevestig en is ‘n lus vir die oog. Voëllewe het merkbaar deur hele kloof toegeneem en grysbokkies word gereeld by die bokloof waar-geneem. Is daar moontlik entoesiastiese voël-kenners wat vir ons ‘n voëllys van die kloof as ‘n vakansie-aktiwiteit kan opstel? ‘n Plantelys sal netso welkom wees.

- Soos gewoonlik sal daar hierdie jaar weer ‘n **stranddiensspan** wees wat allerlei interessante programme vir jong en ouer kinders en studente gaan aanbied. Ondersteun hulle gerus.

- ***Fransmanshoek*** *is a very special place and a visit to it is always worthwhile. The peninsula has so many facets: its scenary is beautiful and majestic; trails to walk; exceptional fishing opportunities at places like the "Saal" and "Verleëklip"; places for quiet contemplation; picnic sites; etc. Fransmanshoek is also an important part of the Fransmanshoek Conservancy. Every year the rangers of the Conservancy conduct a very interesting range of activities for holidaymakers, ranging from beach cleanups and the traditional intertidal events to screening of documentaries on coastal fauna and flora on one of the steep dunes of the Vleesbaai 4x4 Route (photo on the right – use the zoom function of the PDF program to enlarge the photo). Be sure to become involved and participate.*

The late Dr Nellis Beyers was one of the Conservancy's oldest and most influential role players, and this is how he described Fransmanshoek in an inspired poem:

"Waaraan ek dink as ek terugdink": **HIER BY FRANSMANSHOEK** Verstaan jy die taal wat die see daar praat? Saggies in die vooraand, en duidelik laat? Wat die langrug branders vir ons wil sê As ons warm en snoes in die vere lê? Stemme wat meng met die gety se ruis Refreine wat sing soos die skuim daar suis? Herinneringe wat opwel uit die verre verlee Soos die eb en vloei van ons wel en wee. Soos die springety van ons kragtige jeug En die hoogwater van ons drang en vreug.	Hoe blink was die toekoms en die hartsere swart Soos die maan wat verander van vol na kwart Hoe bedruk was jy soms tot laagwatermerk Tot die lewensgolwe weer jou siel versterk. En hoe rustig nou om saam te verkeer Met verskillende voëls van dieselfde veer. En hoe wonderlik om oud te kan wees Saam met vriende wat jonk is van gees Dat ons weë so dikwels nog kruis Hier by Fransmanshoek se huis. NELLIS BEYERS 1990

STORMSKADE */ STORM DAMAGE*

Die krag van die natuur kan geweldig wees. In die geskiedenis van Vleesbaai is baie skades as gevolg van groot storms aangeteken, soos die groot skade van September 2008. Op 27 Augustus 2017 was dit weer so toe groot deinings en branders Vleesbaai se strand getref (foto links) en baie skade aangerig het. Die twee groen piekniekbankies by die getypoel is byvoorbeeld met geweld in die see gespoel. Een kon daar naby gered word, maar stukke van die ander een het naby die Hoekie uitgespoel. Ongelukkig het die plankbrug in die Hoekie ook groot skade opgedoen (foto regs) wat veroorsaak het dat dit gesluit moes word. Vleesbaai Dienste ondersoek tans die moontlikheid om dit tydelik te herstel sodat dit in die komende vakansie gebruik kan word.

VERHOOGDE EIENDOMSBELASTING */ INCREASED PROPERTY TAX*

Die meeste Vleesbaai eienaars is teen hierdie tyd van bewus van Mosselbaai Munisipaliteit se kennisgewing dat hul van voorneme is om die korting van 70% in die eiendomsbelasting gehef op persele in Vleesbaai uit te faseer oor die finansiële jare 2017 en 2018, sodat in 2019/2020 en vorentoe, daar geen korting meer in sodanige belasting sal wees nie. Dit ten spyte daarvan dat die Munisipaliteit geen dienste aan Vleesbaai lewer nie. Die Direksie van Vleesbaai Dienste het op 8 Julie 2017 vergader om die aangeleentheid te bespreek. Verteenwoordigers van Vleesbaai inwoners is aangewys met die mandaat om met die Munisipaliteit te onderhandel vir 'n kompromie in terme van 'n nuut vasgestelde korting vir Vleesbaai eienaars of vir 'n langer uitfaseringstermyn. Eerste samesprekings met die Munisipaliteit het op Vrydag, 18 Augustus 2017 in 'n goeie gees plaasgevind en die belangrikste uitvloeisels daarvan kan soos volg saamgevat word:

- Die Munisipaliteit is onder druk van die nasionale Departement van *Cooperative Governance & Traditional Affairs* en die betrokke wetgewing om die korting af te skaf.
- Daar is ‘n artikel in die betrokke wetgewing wat voorsiening maak vir korting op eiendomsbelasting en daar is ooreengekom dat Vleesbaai op grond hiervan ‘n betoog/inset sal voorberei ter voorlegging aan die Munisipaliteit en die betrokke Departement ten einde die partye te oorreed dat op gronde van billikheid en regverdigheid ‘n korting in eiendomsbelasting toegestaan behoort te word ten opsigte van persele in Vleesbaai.
- Die korting van 45% (en nie 70% soos in die verlede) op die eiendomsbelasting gehef in die 2017/2018 (huidige) finansiële jaar sal in plek bly. Vleesbaaiers moet dus die eiendomsbelasting rekeninge soos uitgegee deur die Munisipaliteit betaal.

Die beoogde voorlegging en verdere aksies word tans ondersoek en Vleesbaaiers sal te gelegener tyd verder ingelig word.

NUWE EIENAARS ***/ NEW OWNERS***

Vele eiendomme is in die onlangse verlede in Vleesbaai verkoop. Verskeie nuwe huise is gebou en bestaande huise pragtig gerestoureer. Aan alle nuwe eienaars en hul gesinne wil ons sê julle is meer as welkom. Vleesbaai is ‘n unieke dorp en die samehorigheid van sy inwoners is baie belangrik. Daarom ons wens dat julle gou tuis sal voel en inskakel en die besondere mense, omgewing en fasiliteite van Vleesbaai geniet.

MATTERS REGARDING VLEESBAAI DIENSTE / **VLEESBAAI DIENSTE SAKE**

*The **Management Committee** of Vleesbaai Dienste has the responsibility of the day to day management of Vleesbaai as a town. It involves, inter alia, maintaining and upgrading the water, electricity, sanitation and roads infrastructures to ensure that utility services are delivered at acceptable and professional standards to Vleesbaai property owners. The Committee would like to remind owners and residents of the following:*

- *Vleesbaai Dienste has an agreement with Mr Riekie van Rensburg for **dumping garden refuse** at his farm Misgunt. It is important to understand that it is for garden refuse (plant material) only – building rubble and/or plastic material should not be dumped there under any circumstances. A recent inspection, however, revealed that there are persons who are dumping building rubble and plastic material disguised under plant material. Vleesbaai residents are urgently requested to refrain from doing this as it can jeopardise said agreement to the detriment of eveybody else who needs to dump garden refuse.*

- **Algemene jaarvergaderings:** Die algemene jaarvergaderings van Vleesbaai Dienste en die entiteite is soos volg geskeduleer:

  Vleesbaai Dienste:

AJV/Direksie	Maandag	18/12/2017	om 08:30 - Misgunt (LW: Hierdie vergadering het geskuif van 19 na 18 Desember 2017)
	Dinsdag	2/1/2018	om 08:30 - Misgunt

  Entiteite:

Keerom	Woensdag	20/12/2017	om 09:00 - Kerksaal
Karmosyn	Woensdag	20/12/2017	om 14:00 - Kerksaal
Hoekbaai	Donderdag	21/12/2017	om 09:00 - Kerksaal
Kloofsig:	Donderdag	21/12/2017	om 14:00 - Kerksaal
Driehoek	Vrydag	22/12/2017	om 09:00 - Kerksaal
Visbaai	Saterdag	23/12/2017	om 08:00 - Kerksaal
VAB	Woensdag	27/12/2017	om 09:00 - Kerksaal

  Belangrike verslae dien en belangrike besluite moet geneem word op die algemene jaarvergaderings. Daarom word u aangemoedig om die algemene jaarvergadering van u aandeleblok maatskappy of huiseienaarsvereniging by te woon sodat u ‘n bydrae kan lewer om te verseker dat u belange die beste gedien word.

- **Toegangsbeheer vir kontrakteurs met hul werkers:** Ten einde die algemene veiligheid van Vleesbaai te verbeter, het Vleesbaai Dienste Bedryf 'n nuwe sekuriteitsmaatreël ingestel. Daarvolgens sal die werkers van kontrakteurs vanaf 1 Desember 2017 slegs toegang tot Vleesbaai kry indien hulle in besit is van 'n polisieklaringsertifikaat, asook bewys van identiteit (een van identiteitsboek, identiteitskaart, paspoort of bestuurderslisensie). Alle Vleesbaai eienaars word versoek om in die toekoms hierdie vereiste as 'n duidelike voorwaarde te stel by die aanstelling van enige kontrakteur vir werk in Vleesbaai.

- **Inbrake en diefstal** gedurende somervakansies is ongelukkig altyd 'n risiko. Alhoewel Vleesbaai nog steeds 'n veilige woongebied en vakansiebestemming is, noodsaak die tye waarin ons leef 'n dringender bewustheid van die veiligheidsituasie. Gevolglik word u weereens versoek om aandag aan die beveiliging van u woning te gee. Vleesbaai Dienste kan dit ongelukkig nie namens u doen nie. Dit is en bly die verantwoordelikheid van elke individuele huiseienaar. Gee asb. dringend aandag aan die volgende:

  - Wees te alle tye veiligheidsbewus.
  - Tref behoorlike voorsorgmaatreëls teen inbrake deur bv. diefwerings en/of 'n alarmstelsel te installeer.
  - Hou die buitedeure van u woning gesluit wanneer geen persoon tuis is nie en veral snags.
  - Moenie duursame artikels oop en bloot in u woning laat rondlê nie.
  - Maak alle inwoners/huurders van u woning bewus van die veiligheidsmaatreëls.
  - Rapporteer alle diefstalle en inbrake, groot of klein, aan die SA Polisie. Sodoende kan vingerafdrukke geneem word en die omvang van die misdaadprobleem in Vleesbaai vasgestel word

- ***Work on contract:*** *Home owners may contact the Mr Callie Möller during the year for minor or urgent repairs/work at your premises, except during the holiday months of December and January. You will be billed separately for this. Unfortunately this service is not available to home owners who have not signed the Vleesbaai Dienste NPC Supply of Utilities Agreement.*

- **Huisvullis:** Huiseienaars word dringend versoek om nie huisvullis in die straat te los wanneer hulle vertrek nie, behalwe voor 07h00 op 'n Maandagoggend (of 'n Donderdagoggend gedurende Desember en Januarie). Buite hierdie tye moet dit asseblief in die vullishok op die kantoorterrein geplaas word. Vullissakke wat in die straat gelos word, word deur honde en knaagdiere verskeur en dit veroorsaak baie onnodige en onaangename werk vir die bedryfspersoneel. Verder word die inwoners van Gallie Meyerlaan versoek om nie hulle huisvullis in die vullishouers wat vir openbare gebruik en strandgangers voorsien is, te plaas nie. Skaf eerder 'n vullisblik vir u eie woning aan en plaas u huisvullis daarin.

- *Everybody is aware that Vleesbaai has limited **parking** facilities. The only public parking areas are along Main Road and in Hoekbaai. However, the parking facilities along Main Road should not be used for overnight, medium or long term parking. Rather use the parking area in Hoekbaai for this purpose. Please ensure that your guests park only on your own premises or along Main Road for day time parking or in Hoekbaai for longer term parking.*

- ***VD Office Staff**: The **Financial Manager** is Mr Philip Fourie and he can be contacted at 044 699 1242 (work), 086 511 6993 (fax) or vleesbaai@iafrica.com. Mr Callie Möller is the **Operations Manager.** His contact details are 044 699 1242 (work), 082 569 6007 (cel), 086 545 4935 (faks) and vleesbedryf@iafrica.com.*

Vleesbaai groete/ *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155
carl.serfontein@vodamail.co.za

VLEESBAAI
VLEESBAAI DIENSTE NPC
Reg. No. 1982/009677/08